NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK
alkmaar
'n Gemeente wat omgee
Bulletin
10 Mei 2026

## ONS IS REGTIG OOK MENSE, OP JESUS SE MANIER

Dit was die filosoof, René Descartes (1596-1650) wat gesê het ons wil so graag god speel, maar ons kry dit nie eens reg om behoorlik mens te speel nie. Jesus leer ons om dit andersom te doen. Terwyl almal gode wil wees, het Hyself gekies om mens te word. Dit was geen akteursrol wat Hy vooraf ingeoefen het nie.

Jesus het regtig geweet hoe dit voel om honger en dors te wees. Daar was geen geheime kospakkies wat daagliks uit die hemel by Hom afgelewer is nie. Of 'n hemelse Uber, wat Hom vinnig tussen verskillende plekke gekarwei het nie. Jesus moes te voet stap na elke plek waar Hy moes wees. Party nagte was die klippe in die veld sy kopkussings. Tussendeur het Jesus ook intense emosies beleef, soos sy woede en verslaendheid teenoor godsdienstiges wat Hom aangevat het omdat Hy 'n sieke op 'n sabbatdag genees het. Of Sy groot hartseer toe Hy voor sy vriend Lasarus se graf gestaan het. Ook het Hy geweet hoe swaar dit is om stil te bly en niks te doen terwyl almal Hom beledig, geslaan en gespoeg het nie. Jesus het juis aan die kruis vir ons die regte voorbeeld gestel deur nooit kwaad met kwaad te vergeld nie, soos wat 1 Petrus 2 leer.

By Jesus leer ons wat egte menswees is. Ons leer by Hom van medelye, hartseer en pyn. Ons leer by Hom hoe om regtig te leef. Ons doen dit nooit op selfsugtige maniere nie. Jesus leer ons hoe om 'n lewende seën vir God en ander te wees.

Stephan Joubert (www.ekerk.org)

### VANDAG 10 MEI

- Moedersdag; Wegneemete na die oggenddiens
- Erediens: Alk: 09:00
  Ngd: geen aanddiens nie

### DONDERDAG 14 MEI

- Hemelvaartbiduur Alk: 18:30; Sop en brood

### SONDAG 17 MEI

- Erediens: Alk: 09:00, Kinderkerk
  Ngd: geen aanddiens nie

### DEUROFFERS IN MEI: Geopende Deure

Die Kerk regoor Afrika is onder toenemende druk deur Islamitiese ekstremiste. Geopende Deure voorsien o.a. in Bybels en literatuur, opleiding en dissipelskap, beskerming in die vorm van skuilhuise, traumaberading, medisyne en gesondheidsorg, basiese noodsaaklik-hede, persoonlike bemoediging en gebed. Inligting by www.opendoors.org.za

### FOKUS MEI: Evangelisaie-Wêreldhoeke

Ons gemeente ondersteun uit geloofsofferinkomstes die sendingwerk van ds. Sam Selva Raj (Echo of His Call Ministries) in Indië. Ons dra ook by vir radio-uitsendings deur Trans Wêreld Radio in Noord-Afrika. Hierdie programme is gerig tot die Kanuri-volk wat grootliks moslems is. Navrae: Johannes van der Merwe.

### Ons Gemeente se Bankbesonderhede:

ABSA - NG Kerk Alkmaar - Tjekrek. 1070580035 Snapscan: Takkode 334-252; Internet-takkode 632005

***Verwysing vir inbetalings is belangrik asb!***
Gebruik ***u naam*** en *een van die volgende…..* (afhangende van die offergawe wat u gee):
***DO*** vir maandelikse dankoffers
***10de*** vir tiendemaand bo-en-behalwe offergawe (Okt)
***GOB*** vir geloofsofferbeloftes (sending/evangelisasie)

### Kontak ons gerus:

_Predikant:_ Johannes van der Merwe
074 142 3456; ephesians321@me.com
_Kerkkantoor tel nr's:_ 013-733 3873 / 082 261 0371
_Kerkkantoor:_ Gladys Grobler; ngkerk@alkmaar.co.za
_Koster:_ *Alk:* Estie Erasmus 076 625 3188 skakel of WhatsApp
_Koster:_ *Ngd:* Madelein Venter 083 607 0728
_Gemeente webwerf:_ www.alkmaar.co.za

### Ngodwana Eredienste & Kategese:

Tydens skoolkwartale: kategese 17:00, erediens 18:00 by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool. LW geen aanddienste in Mei 2026 a.g.v. die Sappi shut.

### Kinderkerk (kinders vanaf 3 jr tot Gr 2):

Tydens die oggenddiens in die saal op 17 Mei, 21 Junie en 26 Julie 2026.

### Vergaderings:

| | | | |
|---|---|---|---|
| So. | 17 Mei | 10:45 | Gemeente-aksies |
| Ma. | 1 Jun | 18:00 | Kerkraad |

# Bulletin

10 Mei 2026

“My liewe medegelowiges, wat help dit as iemand beweer dat hy glo, maar mense kan dit nie uit sy optrede agterkom nie? Dié soort geloof kan hom tog nie red nie, nie waar nie?” Jakobus 2:14 (NNT)

## VOORBIDDING

▣ **<u>Kom bid saam</u>:** In die Konsistorie (Alk) Sondae 08:45 en **na die aanddiens** by die Gemeenskapskerk te Calhounstraat, naby Clivia Laerskool.

▣ **<u>Gebedsaksie en –versoeke</u>:** Kontak gerus ds. Johannes (074 142 3456).

▣ **<u>Siekes</u>:** Madelein Venter, Hester Liebenberg, Ruan van Wyk, Bertus Saayman, Mariana Mahoney, Janine Stoop, Evette Eastes, Jan Pienaar, Lillian Greyvenstein, Sarie en Freek Esterhuizen, Freek Esterhuizen (jnr), Ester van Wyk.

▣ **<u>Ander siekes</u>:** Gretha O’Brien, Hannes Raath, Elti Steensma se kleinseun, Ruben van der Hyde, Theuns Steyn, Kleintjie Snyman, Beverley Butler, Franci Osborne, Charmaine Henning, Marcelle Slabbert, Dup du Plessis, Liezel Theron (ma en pa), Pieter Theron se ma, swaer Wynand Basson en suster Wilna, Riaan Beyleveldt se skoonsuster, mense met depressie en kanker.

▣ **<u>Ander</u>:** Ons 5 evangeliste: Phetsile, Amon, Simon, Jackson en Terrence. Boere en gesinne weens vloede, droogtes, uitdagings met diere ens.

▣ **<u>Ngodwana lidmate</u>:** Dat alles goed afloop met die Sappi shut op Ngodwana gedurende Meimaand.

## VERJAARSDAE

10e Hannes Erasmus NST, Henning Joubert BRON, Antoinette Scheltema NST
11e Riaan Steyn NGD, Leandri Steyn NGD, Roelof van Rooyen ALK
12e Elize Gouws NGD
15e Kobus Venter NGD
16e William Thomas HB-LOOP

## KERKRAADSLEDE VAKANT

Ons benodig lidmate vir Evangelisasie, Toerus (Alk). Navrae: Frank Erasmus, predikant, kerkkantoor.

## MAKARIOS MANNEKAMP 15-17 MEI

Kom saam, kom luister, kom praat, kom sit langs die vuur. Vir verdere navrae kontak gerus vir Willem 082 656 7332 Henk 082 446 4769 of Louis 082 771 0891.

## BEWYS VAN LIDMAATSKAP ONTVANG

Vanaf NG Nelspruit: Belydende lidmate Johannes Lodewicus Herbst en Lauraine Herbst (néé Stapelberg).

## FONDSINSAMELINGSPROJEKTE 2026

### Skenk wit olifant-items:

Ons vra alle lidmate om items wat rondstaan by die huis (groot of klein) na die kerk te bring. Die items sal verkoop word by die Rademeyer-veiling as deel van ons fondsinsameling. Navrae: Frank Erasmus. Baie dankie ons het reeds R1 875.00 ontvang t.o.v. Jan, Feb en Mrt se items verkoop.

### Te koop:

- Water: pakke van 12x500ml bottels @R70
- Suurlemoensap: 440ml konsentraat @R50

Beskikbaar in die saal na die erediens.




Skryf jou naam op die lys of bespreek per whatsapp by die kerkkantoor (082 261 0371) en betaal voor 17 Junie asb. EFT verw: vis + naam en van.

Ons benodig asb. bestanddele vir die voorbereiding van kos, ook nog 20 tuisgebakte brode en 16 malvapoedings in 30x22x5 foeliepanne. Kontant donasies ook welkom. Navrae: Marike Freeman (072 120 6917).

### Kompetisiekaartjies:

Saam met ons jaarlikse seevisbraai is daar weer hierdie jaar kaartjies @R100 wat verkoop gaan word met vyf pryse te wen wat binnekort beskikbaar sal wees. Lidmate word gevra om asb. te help met die verkoop van die kaartjies.